No 1306 21 Februarie 2016

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: *www.gk-alkantrant.co.za* • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant
Predikant: Ds. Dirk Kotzee: 079 305 3297, *dkotzee@gmail.com* • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, *hbklopper@webmail.co.za*
Administratiewe beampte: Magda Coetzee: 082 496 9218, *magdacmcoetzee@gmail.com* **Attes Skriba:** Tjaart vd Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za *Bankbesonderhede: GK Alkantrant, ABSA rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745*

DIE EREDIENS

Baie welkom in die erediens. Ons het vandag nagmaal. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Ons bid u elkeen 'n geloofsverrykende, vreugdevolle en aangename erediens en nagmaal toe.

Eerste diens:

Ds. Dirk Kotzee
Skriflesing: 2 Samuel 9: 1-13; Jesaja 52: 13-53:12
Teks: 2 Sam. 9: 13; Jes. 52:14 en 53: 4-5
Tema: KREUPEL GELOWIGES WORD KINDERS AAN DIE KONING SE TAFEL.

Preekskets:
Mefiboset die gebreklike kind van Jonathan verskyn voor koning Dawid, die aardsvyand van sy oupa Saul. In hierdie een ontmoeting leer ons soveel van God se genade. Want die kreupel kind van Jonathan kan na regte geen genade van Dawid verwag nie, maar ontvang dit tog! Net soos gebrekkige kreupel gelowiges vandag na regte geen genade van God kan eis nie. Tog gee Hy dit aan ons. Hy gee dit aan ons op grond van sy Seun wat in ons plek as misvormde figuur hanteer is. Die uitnodiging is vandag: Kreupel gelowige, kom sit aan die tafel van die Koning, want Hy maak jou sy kind!

Sing:
Psalm 48: 1 en 4
Psalm 42:1
Psalm 119: 3 en 4 (Cloete)
Psalm 23:3; Psalm 116:1-10
SB 17-3: 1 en 2
SB 13-3

Tweede diens:

Ds. Dirk Kotzee
Skriflesing: 1 Korintiërs 10: 1-22
Teks: 1 Korintiërs 10: 21
Tema: DANKBAAR VIR CHRISTUS SE OFFER.

Preekskets:
Dankbaar vir die offer wat Christus gebring het. Dit is eintlik die ou tema van nabetragting. Iets wat al gewoonte geword het. En so hoor ons dit. Vir 'n oomblik voel ons dit, maar dan gaan ons maar weer aan op die ou baan! Nie tyd vir die kerk nie, nie tyd vir huisgodsdiens nie, nie tyd vir persoonlik stiltetyd nie. Ons gaan maar net weer aan. Selfgerig, selfgesentreerd en liefdeloos teenoor ons naaste en ondankbaar teenoor Christus. Wat sou gebeur as dit Christus se ingesteldheid was? "Ek het nie tyd om die mens te verlos nie?" Is dit nie tyd dat ons dankbaarheid verander van 'n nabetragtingstema na 'n leefstyl nie?

Sing:
Lied 184: 1 en 4 (Nuwe lied)
Psalm 134:4 (Bevestiging van ouderlinge en diaken)
SB 3-4: 1 en 4
SB 13-3

Kollekte:
Tydens erediens: Diakonale kas.
By die deure: Dankbaarheidsfonds
Volgende Sondag: Teologiese Studentekas
Diensbeurte:
Die kerkraadslede van Wyk C3 is vandag aan diens. Dit is ouderling Johan Erasmus. Die diaken amp van die wyk is tans vakant.

GEMEENTE-SAKE

Bevestiging van ouderlinge en diaken.

Die volgende broeders en suster word vandag as ouderlinge en diaken bevestig. Hulle sal tydens die nabetragtingsdiens bevestig word.

As ouderlinge:

Br. Johan van Dijken
Br. Christiaan Swanepoel

As diaken:

Sr. Sanderien van der Walt

Ons is op Facebook!

Like us on Facebook

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers 'n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto's deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal welkom, kom praat lekker saam op ons *facebook* blad! Ons het al meer as **80 "likes"!**

Beurtkrag:

U word vriendelik gevra om rustig te wees as daar 'n kragonderbreking tydens die erediens sou plaasvind. Ons het 'n kort tydjie nodig vir die orrelis om haar plek voor die klavier in te neem.

Bedieningskommissie

'n Bedieningskommissie vergadering vind DV plaas op Dinsdag 23 Februarie 2016 om 19:00 aan huis van Hennie Klopper.

GEMEENTELIKE AKTIWITEITE

Klub 50

Klub 50 word DV Vrydag 26 Februarie 2016 om 12 uur by die kerk aangebied. Ons gaan 'n bymekaar gooi ete hê. Elke huisgesin bring 'n bord eetgoed saam wat maklik hanteerbaar is (soos 'n vingerete of koek of tert wat ferm is, soet of sout enige iets is welkom). Dit wat oor is neem jy terug huis toe. Koffie en tee sal voorsien word. Bring asb. Ander drinkgoed en eie eetgerei saam.

Sustersake

***Skinkbeurte*:**

Vandag 21/02: Geen weens Nagmaal

Volgende Sondag 28/02: F9, F10, G1, G2, H3.

Susters word vriendelik versoek om maar 'n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

Katkisasie

Daar is vanmore geen kategese nie.

Bybelstudie:

Die Bybelstudie het weer in aanvang geneem. Dit is Woensdag (24/02) in die oggend om 09:30. Die teks wat ons voorberei is Romeine 1:18-32. Die aand bybelstudie is die Woensdag daarna (02/03) om 18:00. Die teks is Romeine 2:1-11.

Feeskommissie:

Nagmaalete:

Ons herinner u graag aan die nagmaalete – 'n bring en braai – na afloop van die eredienste.

Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20 per sakkie, Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65 p/kg. Daar is ook wildpasteie, droëwors en biltong te koop. U kan ná die erediens agter die konsistorie (by die motorhuis) vir Nico of Marius kry wat u sal help.

Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle 'n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

21 Februarie

Pieter du Toit (083 719 1332); Rietie Havemann (012 993 4869); Stephan Swart (012 348 7315)

22 Februarie

Kara Naudé (081 333 3477)

23 Februarie

Sannet van Kleef (012 991 8894)

24 Februarie

Izak Schutte (083 468 2528)

25 Februarie

Madison Rahn (072 247 5998); Lu van Dyk (082 893 4595)

26 Februarie

Sita Vosloo (012 460 0086)

27 Februarie

Jacques Steenkamp (083 682 0010)

Spesiale verjaardagwense

Ons dink spesiaal hierdie week aan br. Izak Schutte (083 468 2528) wat die oudste lidmaat in die gemeente is. Hy word Woensdag 24 Februarie 96 jaar oud. Baie geluk en ons dank die Here saam met familie en vriende vir soveel jare van genade! Mag die Here u seën.

Nuwe intrekkers

Ons verwelkom hartlik alle nuwe intrekkers. Ons wil graag kennis maak! Ontmoet asseblief na afloop van die diens vir Hennie Klopper (Skriba) by die Konsistorie aan die agterkant van die kerk sodat ons u besonderhede kan kry

Gedagte vir die week

Alles wat ek gesien het, het my geleer om die Skepper te vertrou vir alles wat ek nog nie gesien het nie.

- (Ralph W Emerson, 1803 - 1882) -

Dagboek

Ds. Dirk se kantoor is in die konsistorie opgestel. Hy sal Maandag tot Vrydag, tensy iets anders voorval, van 08:00 tot 15:00 op kantoor wees. Hy is egter 24/7 beskikbaar en is net ’n oproep vêr. Bel hom by 079 305 3297

Hierdie week: *Vandag* **:** *Sondag 21 Februarie:* Nagmaal. Ds. Dirk preek. Geen katkisasie. Nabetragting. Ds. Dirk preek. Bedienings-kommissie vergader 23/02. Klub 50 op 26/02.

Week 2: *Sondag 28 Februarie:* Erediens om 09:00. Ds. Dirk preek. Katkisasie daarna. Tweede ere-diens. Ds. Dirk preek.

Week 3: *Sondag 6 Maart:* Gemeentekamp. Ds. Anton Dednam preek. Geen kategese.

Week 4: *Sondag 13 Maart:* Ds. Dirk is met verlof. Katkisasie na die erediens. Tweede diens: Ds. Dirk is met verlof. Finansiëlekommissie vergader 14/03. Kerkraadsvergadering 16/03. Skole sluit 18/03.

Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons gratis advertensies. Advertensies sal vir die duur van vier weke geplaas word, of u reël met die redaksie vir volgehoue plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Mount Amanzi

Geleë agter die Hartebeespoortdam. Selfsorg chalet, slaap 5. Vir fasiliteite in en om die oord, besoek gerus: www.mountamanzi.co.za. Kostes: R700 per nag vir die chalet. Kontak Rietie Havemann by (012) 9934869 of 0733969502

AKKOMMODASIE. Drie kamers beskikbaar vir verkieslik jongmans of studente @ R3000/pm, ongemeubeleerd met veilige parkering. 2 dae per week word vloere skoongemaak en wasgoed gedoen (eie waspoeier). Twee persone deel 'n badkamer met stort. Adres: DOUGLAS Straat 41, COLBYN

Loopafstand vanaf Gautrein, Hatfield en Universiteit Pretoria. Kontak Dalene Jansen: 012 342 4919 of 076 035 5938 Bel net vooraf.

Vir die jongklomp

Lekker inkleur aan die prentjie van koning Dawid en Mefiboset.